



NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

verskil



❖ **Facebook:** <https://www.facebook.com/noordsin/>

❖ **Kampterreine:**

Badseleop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseleopjeugkamp@gmail.com;

Magaliesberg: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

❖ Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

08 Maart 2024: Nr 08/2024

Warmnuus

❖ Nuwe leiers

Die SDR het by haar onlangse vergadering op 6 Maart nuwe leiers vir die sinode gekies. Dewyk Ungerer het op 1 Januarie voltyds by die Algemene Sinode begin en daarom kon hy nie langer as moderator van die Noordelike Sinode dien nie. Die Sinodale Diensraad (SDR) het dus op 6 Maart op gepaste wyse van hom afskeid geneem. Hy is in Oktober 2015 deur die SDR as moderator verkies. By die sinodesitting van 2016 is hy herkies en so ook in 2022. Hy het dus vir agt jaar in dié posisie gedien. Voor dit was hy ook vir agt jaar die aktuaris van die Noordelike Sinode.



Lizl-Louise



Fanie



Fritz

Lizl-Louise Schoeman is op 6 Maart as die nuwe moderator verkies. Sy was voorheen die assessor. Sy is predikant van die Gemeente Monumentpark. In haar plek is Fanie Cronjé van die Gemeente Lynnwood as assessor verkies. Hy is reeds sedert 2016 'n addisionele lid van die moderatuur. Fritz Snyman van die Gemeente Universiteitsoord is die nuwe addisionele lid. Die ander vier lede van die moderatuur is: Bernice Serfontein (addisionele lid) van die Gemeente Waterkloof, Paul Grobler (Direkteur) en Rehan Rheeder (Saakgelastigde).

❖ Nuus van die Algemene Sinode

Die ASM het van 27-29 Februarie vergader. Kliek hieronder om die pastorale brief aan gemeentes te lees, asook die advies rakende gemeentes wat hulle band met die NG Kerk sou opskort.

- ['n Pastorale Brief](#) (Dit sluit ook die roepingsverklaring in).
- [Advies rakende opskorting](#)

Sinodenuus

❖ In Pas

Opleiding: 9 Maart [8:30-15:00] - Kontak dringend vir Jan Botha by 076 481 5683 / janbotha1102@gmail.com, as jy dit nog wil bywoon.

❖ Kerkkantoor-opleiding

Die geleentheid vind op **18-19 Maart** by NG Nylstroom-Oos plaas. Tydens hierdie geleentheid gaan die *Kerkargief* [Stellenbosch] opleiding gee oor die korrekte inhandiging en bewaring van argiefstukke. *Jan Venter* van Winkerk kom gesels oor "kort paaie" en die effektiewe gebruik van hierdie stelsel. Daar word ook aandag gegee aan die *skryf van 'n notule* en 'n *grafiese ontwerper* kom deel interessante inligting oor die gebruik van sosiale media en webbladsye. Verblyf is beskikbaar. Gemeentes is verantwoordelik vir die verblyf-, etes- en reiskoste. Belangstellendes moet die Sinodehuis so gou as moontlik kontak om in te skryf by 072 222 6360 of hermien@noordsin.co.za.


* **Volgende kursus:** 22-23 April by die Sinodehuis.

Kolleganuus

❖ In die hospitaal

Danie Ueckermann [Nylstroom-Oos] was in die hospitaal.

❖ Beweging



<<< **Jan Coetzer** [Vaalwater] het 'n beroep na Oos-Londen ontvang en aanvaar.

>>> **Frans de Beer** [Springbokvlakte] is na Volksrust beroep.



<<< **Hardus Prinsloo** (proponent) is as deeltydse diensleraar na Daspoort beroep.

>>> **Rivandu Swanepoel** [proponent] is na Pretoria-Oos in 'n deeltydse kontrakpos vir twee jaar beroep.



❖ Verjaarsdagwense

11/03 Hans Brits (Diensleraar)
14/03 Piet J van Vuuren (Emeritus)
15/03 Rian Steyn (SA Gemeente)
16/03 Flip du Toit (Emeritus); André Smuts (Emeritus)

11/03 Rina Moolman (Eggenote van Petrus, emeritus)
14/03 Annelie Schmidt (Eggenote van Ewald, Nylstroom-Oos)
15/03 Remedy Zulu (Eggenote van Moses, DRC of Zambia, Lusaka)
16/03 Johanette Pretorius (Eggenote van Louis, Naboomspruit)

Gemeentenuus

❖ Queenswood Mini-Basaar: Saterdag 9 Maart (09:00 tot 12:00)

Adres: Garretlaan 249, Queenswood
Groot Wit-Olifantverkoop; Kosverkope: Ribburgers / Pizza cones / Pannekoek / Koeldrank / Roomys.

❖ Overkruin

Tema: Ek wil lewe tot ek doodgaan: Positiewe denke en gewoontes wanneer ek ouer word. **Spreker:** Henk Gous
Saterdag, 9 Maart (10:00-12:00). **Toegang:** Donasie. **Bespreking:** Kerkkantoor 012-567 2177

❖ Universiteitsoord

Orrelkonsertreeks 2024

10 Maart 11:00 - Orrel en vriende met Andrea Kayser-Mitas, viool, tjello en saksofoon;
19 Maart 19:00 - Gewyde orrelkonsert: Lydensmusiek;
7 April 11:00 – Zanta Hofmeyr en Isabelle van Rensburg;
14 April 11:00 – In Harmonie: 'n Kaleidoskoop van orrel- en klavierduette met Albert Troskie en Erika Bothma.



❖ Hartbeespoort



Oorhoofse projektor

Dié gemeente het 'n tweedehandse oorhoofse projektor beskikbaar. Dit is nog in 'n goeie werkende toestand en hulle wil dit graag aan 'n gemeente skenk wat dit moontlik kan gebruik. Enigste vereiste sal wees dat dit in Hartbeespoort afgehaal moet word. Skakel asseblief met *Pieter Brynard* by 082 417 2774 om die reëlings te tref.

Toerusting

❖ Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za.

Program vir 2024: [Klik hier](#) om meer uit te vind van kursusse wat die jaar aangebied word.

Liturgiese werkwinkel

12 & 13 Maart [8:30-16:30] – 'n Kreatiewe **aanlyn** werkwinkel oor die viering van die kerklike jaar. [[Klik hier](#) vir die uitnodiging]. **Tema:** Die jaar van God se genade.

Aanbieder: André Bartlett. **20 VBO-punte.** [Klik hier](#) om in te skryf - sluitingsdatum: 8/3

Emmaus programme 2024

Hiermee die inligting oor die Emmaus Beweging. (Klik op die skakels vir die [bemarkingsdokument](#) en [program](#).)

Navrae: Kontak Walter Sutton by 082 778 2801 of epos walteranso@gmail.com.

Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode: [Klik hier](#) vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Hartbeespoort: Voltydse leraar

'n Plattelandse gemeente (1 778 belydende en 485 dooplidmate), maar met die stad se hartklop: vernuwend, opbouend, dinamies en aktief. Geleë aan die voet van die pragtige Magaliesberge, teen die Hartbeespoortdam. [[Klik hier](#) om verder te lees.] Diensaanvaarding: 1 Oktober. Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Maart

Monumentpark-Wes: Gemeenteleraar (Deeltydse vaste termynpos)

Die grense van die gemeente val saam met die geografiese grense van die dorpsgebied Monumentpark-Wes op die westelike hoek van die R21 en Solomon Mahlangu Rylaan.

Datum van diensaanvaarding: Julie 2024. **Sluitingsdatum: 27 Maart.** **Navrae:** Die skriba: Me Lee-Anne Bisschoff, 082 337 6682 of AD Watts 082 448 1323. [[Klik hier](#) vir die volledige advertensie]

Sesmylspruit: Leraar (Vaste termynpos van drie jaar, met moontlike opsie om te verleng)

In biddende afhanklikheid van God drieëinig en met verwagting word die vakature bekendgestel. Kontak gerus vir Johan by gbs.ngsesmyl@icon.co.za / 082 453 0102 vir 'n volledige beskrywing.

Montana: Koster

Aansoek bestaande uit 'n kort motivering waarom u dink u goed in die pos sal inpas, tesame met 'n kort CV kan ingedien word by die Kerkkantoor of per epos versend word na admin@ngmontana.co.za. Sluitingsdatum vir aansoeke is: 15 Maart. [[Klik hier](#) vir die volledige advertensie].

**YOUR ENERGY
INTRODUCES
YOU BEFORE
YOU EVEN SPEAK**

- lewers geles -